# ALPHEN ROETE 2022

| ROETE: | Alphen Groengordel | DATUM: | 30 Julie 2022 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

18 dapper stappers ontmoet om 07:30 by die parkeerarea net voor die Alphen hotel in Constantia. Almal is lekker warm aangetrek en moes ook vinnig reënbaadjies en sak-reënjassies aantrek toe 'n reënbui ons so in die bymekaarkom oorval. Om 08:00 begin ons stap. Die reënbui was kortstondig en die skoon lug en pragtige groen omgewing sorg dat almal gou in 'n vrolike luim is. Gewoonlik stap ons die Alphen roete anti-kloksgewys. Hierdie keer het ons dit kloksgewys gestap. Ons stap dus links op in die Alphen groengordel tot by Southern Cross Drive. Vanuit Southern Cross Drive gaan ons Die Hel binne en kom weer uit by die ingang in Constantia Main Road. Die Hel is 'n pragtige boomryke kom waar daar jare gelede vrugtebome aangeplant was om skeepvaarders van vars voorraad te voorsien. Op die 7 km merk geniet ons 'n beker warm koffie. Ons stap dan vanuit Die Hel se ingang 'n hele ent op met die pad tot by La Parada restaurant waar personeel welkome badkamer geriewe aan ons beskikbaar stel. Na 'n kort ruskansie stap ons op die kontoerpad nét onder Cecilia woud. Ons kruis Rhodes Drive en stap 'n entjie af met Hohenhort Laan tot by die Klaasenbosch voetpad. In hierdie pragtige omgewing met boomhoogte varings en waterstrome vind ons 'n lekker sonnige kol en geniet 'n ligte middagete. Daar word vrolik gesels en stomende drankies verseker 'n lekker gesellige atmosfeer. Ná ete stap ons verder en sluit weer by die Alphen roete se wandelpad aan. Om 13:00 is ons by die motors, dankbaar dat ons 'n heelike oggend in 'n pragtige omgewing, sonder reën, kon geniet. Vir sommige is dit tyd om huiswaarts te keer, terwyl die ander 'n lekker koffie en iets te ete geniet by die Alphen hotel se vele restaurante. Dankie aan al die stappers wat hierdie 'n heelike avontuur en sielsverkwikkende oggend gemaak het. Hoogte gewen = 429m

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Amanda Mathee | 2022015 | R 5 | 15 | |
| Brenda Sideratos | 2022041 | R 5 | 15 | |
| Werner Booyens | 2022042 | R 5 | 15 | |
| Christiaan Smuts | 2022058 | R 5 | 15 | |
| Waldemar Smuts | 2022049 | R 5 | 15 | |
| Estelle Smuts | 2022048 | R 5 | 15 | |
| Mike Smuts | 2022057 | R 5 | 15 | |
| Freddie Pohl | 2022060 | R 5 | 15 | |
| Susan Pohl | 2022061 | R 5 | 15 | |
| Lieneke du Toit | 2022074 | R 5 | 15 | |
| Miranda Myburgh | 2022062 | R 5 | 15 | |
| Ilze Geldenhuys | 2022004 | R 5 | 15 | |
| Lecia Gerber | 2022003 | R 5 | 15 | |
| Liesl du Plooy | 2022024 | R 5 | 15 | |
| Monje Pohl | 2022088 | R 5 | 15 | |
| Sinmarie Pieterse | 2022052 | R 5 | 15 | |
| Vossie Vorster | Nie-lid | R 10 | 15 | |
| Peter Marais | Nie-lid | R 10 | 15 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 100** | **270** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | Amanda Matthee |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | Geen |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Estelle Smuts |
|---|---|